God

Jesus

Index

- Jesus die God
- Jesus die Engel
- Jesus die Lam
- Jesus die Koning

Jesus die God

Voor die Ou Testament

- Het gehelp om alles te skape
  - **Gen 1:1** In die begin het ‘elohiym (die gode) die hemel en die aarde gemaak
- Oorsig
  - Rev 12:1 En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre;
  - Rev 12:2 en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.
  - Rev 12:3 En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;
  - Rev 12:4 en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.
  - Rev 12:5 En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.
- Vrou = Israel
- Draak = Duiwel
- 7 Koppe en krone = Aardse koninkryke wat Israel verdruk het
  - Egipte, Assyria, Babylon, Medes en die Perse, Grieke, Romeine, 10 Lande
- Tien horings = 10 Lande wat teen die Christene sal wees (10 tone van Daniel se visioen)

Ou Testament – Voorspelling

- Jesaja
  - **Isa 9:6** (9:5) Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—
  - **Isa 53:5** Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
  - Isa 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
  - Isa 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word en soos ‘n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.
- Zacheria
  - Zec 9:9 Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ‘n esel—op ‘n jong esel, die vul van ‘n eselin.
- Wyse Manne
  - **Mat 2:1** En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom
  - Mat 2:2 en gesê: Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.

Jesus die Engel

Ou Testament – Besoeke

- Besoek aan Hagar
  - Gen 16:7-11 En sy moet haar seun Ismael noem en “Ek sal vir jou ‘n groot nageslag gee”
- Besoek aan Abraham en Isak
  - Gen 22:11,12 Moenie jou hande aan jou seun slaan nie…en jy het nie jou seun van My weerhou nie
- Besoek aan Balaam
  - Num 22:32-35 Jou weë is gruwelik voor my
- Besoek aan Israel
  - Rigters 2:1-3 Ek het ‘n verbond met jou gemaak maar jy was ongehoorsaam en het nie almal in die land verslaan nie. Daarom gaan julle altyd deur hulle verpes word
- Besoek aan Gideon
  - Rigters 6:11-14 Jesus noem Gideon – Jou brawe, magtige man
- Simson se ouers
  - Rigters 13:18 Waarom wil julle My Naam weet? Dit is ‘n geheim

Afstammeling van die Vader

- **Joh 1:13** wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ‘n man nie, maar uit God gebore is.
- Maria was Jesus se ma, maar Josef was nie die pa nie – wat die vloek op Jojakim volmaak gemaak het
- Jer 36:30 Daarom, so spreek die HERE aangaande Jójakim, die koning van Juda: Hy sal nooit een hê wat op die troon van Dawid sit nie, en sy lyk sal weggegooi lê, bedags in die hitte en snags in die koue.

Afstammeling van Abraham

- **Mat 1:1** Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham:
- Hy het dieselfde versoekinge deurgemaak as ons
  - In die woestyn het Hy begin twyvel – AS jy die Seun van God is”
  - Indie woestyn was Hy in die versoeking om die klippe in brood te verander
  - Toe Petrus vir Hom gesê het die vernedering en pyn sal nie oor Hom kom nie

Jesus die Lam

Hoe het die Mense Hom Gesien?

- Meisies sou nie Sy foto op hulle lockers se deure geplak het nie
  - Isa 53:2 Hy tog het soos ‘n loot voor sy aangesig opgespruit en soos ‘n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie
- Mans het Hom verwerp omdat hulle gedink het Hy is ‘n verloorder – iemand wat net smart en verdiet geken het
  - Isa 53:3 Hy was verag en deur die mense verlaat, ‘n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ‘n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.
- Die mense het gedink God het Hom gestraf, maar Hy het ons hartseer en verdriet op Hom geneem sodat ons dit nie meer hoef te hê nie
  - Isa 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was
- MAAR ons is nou onskuldig, ons het die vrede van die Here in ons en ons is reeds genees 2000 jaar gelede
  - Isa 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Waarom het Hy aarde toe gekom?

- Bou die ware tempel
  - Zec 6:13 Ja, Hy sal die ware tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy ‘n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan
- Die ou testament was onvoldoende
  - Heb 7:11 As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat ‘n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?
  - Melgisédek:
    - Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
    - Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde
- Verlosser
  - Oorvloedige Lewe – Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê
  - Kinders van God – Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

Waarom was Hy gedoop?

- Dit was gedoen om hulle reg te maak vir hulle diens. Let wel, Moses het hulle gewas
  - **Lev 8:6** En Moses het Aäron en sy seuns laat nader kom en hulle met water gewas.
- Net so moes Jesus gereinig word voordat Hy met Sy dienswerk as Hoë Priester begin het
  - Mat 3:14 Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?
  - **Mat 3:15** Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.
  - Mat 3:16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.
  - Mat 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Wanneer was Hy begrawe

- Hy sou drie dae en drie nagte in die graf deurbring
  - Mat 12:39 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.
  - Mat 12:40 Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees
- 0 - 13 Nisan Die priesters het die skape deurgegaan om seker te maak hulle was geskik as offerandes. Dieselde tyd was Jesus voor die hof om geoordeel te word
- 14 Nisan (Woensdag) = Jesus word gekruisig en moes voor die aand begrawe word (begin van die Fees van Ongesuurde Brode – 'n Sabbat dag
- 15 Nisan (Donderdag) = Jesus is in the graf – Dag 1, aand 2. Fees van Ongesuurde Brode.
- 16 Nisan (Vrydag) = Jesus is in the graf dag 2 en nag 3
- 17 Nisan (Saterdag) = Jesus is in the graf dag 3 en Hy staan die aand op. Sabbat dag.
- 18 Nisan (Sondag) = Eerste dag van die week

Die gebed van Jesus

- Joh 17:20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—
- Joh 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.
- Joh 17:22 En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
- Joh 17:23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het

Geaardheid - Ongeduldig

- Ongeduldig om mense van siektes te genees
  - Hy het hulle selfs op ‘n Sondag (in die Sinagoge) genees
- Ongeduldig met die kerkmense:
  - Joh 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan
- Ongeduldig met trots
  - Luk 9:5 En almal wat julle nie ontvang nie—as julle van daardie stad weggaan, skud selfs die stof van julle voete af, tot ‘n getuienis teen hulle.

Geaardheid – Vol Meegevoel

- Gee die mense kos
  - Mat 15:32 Toe het Jesus sy dissipels na Hom geroep en gesê: Ek voel innig jammer vir die skare, omdat hulle al drie dae by My bly en niks het om te eet nie; en Ek wil hulle nie graag honger wegstuur nie, sodat hulle nie miskien op die pad beswyk nie
- Genees die mense
  - Mat 9:36 En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie
- Leer die mense
  - Mar 6:34 En toe Jesus uitklim, sien Hy ‘n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer.

Geaardheid – Nie Suinig nie

- Die brood en visse
  - Joh 6:11 En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê
  - Joh 6:12 En nadat hulle versadig was, sê Hy vir sy dissipels: Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie
  - Joh 6:13 Hulle maak toe bymekaar en het twaalf mandjies gevul met brokstukke van die vyf garsbrode wat oorgeskiet het by die wat geëet het.
- Soos Sy Pa
  - Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.

Niemand kon Hom Doodmaak nie

- Joh 10:17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem
- Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

Gebruik die Geskrewe Woord

- Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word
- Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Gawes

- Eph 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,
- Eph 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
- Apostel: ‘n Ambassador (Die hoogste rang van ‘n diplomaat)
- Evangelis: ‘n Prediker van die boodskap aan ongeredde mense
- Profeet: Praat namens die Here
- Leraar: ‘n Instrukteur
- Herder: Iemand wat na die kudde omsien as vriend

Jesus die Koning

Ons Advokaat

- Maak voorspraak vir ons
  - 1Jn 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige
- Pasop vir haat of om iets teen iemand te hê
  - 1Jn 2:9 Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe
- Wees versigtig om nie die wêreld lief te hê nie
  - 1Jn 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie
  - 1Jn 2:16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

Waardig om die Boeke oop te Maak

- Die boeke dui op die laaste dinge wat gaan gebeur voor die slag van Armageddon
  - Rev 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek
- Nie net die Lam nie, ook die Leeu van Judah.

Ruiter op die Wit Perd

- Rev 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid
- Rev 19:12 En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self
- Rev 19:13 En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.
- Rev 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne
- Rev 19:15 En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige
- Rev 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Die Finale Slag

- Rev 19:17 En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met ‘n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,
- Rev 19:18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot
- Rev 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër
- Rev 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand
- Rev 19:21 En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.

Die Naam van Jesus

“In die Naam”

- Wat beteken dit?
  - Jy tree namens iemand anders op
- Hoeveel gesag het jy?
  - Soveel as die gesag agter die naam
- Is daar beperkings?
  - Ja, jy moet optree volgens die wil van die persoon / instansie wie se naam jy verteenwoordig.

Dawid en Goliat

- Die weermag van Israel het gedink Goliat is te groot om dood te maak
- Dawid het gedink Goliat het geen verbond met God gehad wat hom beskerm het nie – en hy het geweet Wie se Naam hy verteenwoordig:
  - 1Sa 17:45 Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het
  - 1Sa 17:46 Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel ‘n God het.

Vra die Vader in Jesus se Naam

- Joh 16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee
- Joh 16:24 Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.

As Hy dit nie het nie, sal Hy dit maak

Hy het NIE gesê:

- Joh 16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee
  - MITS julle ‘n goeie lewe lei (Kersvader belofte)
  - MITS dit in My wil is (omkoop)
  - MITS julle lank genoeg wag (ongeloof)
- As jy iets wil hê wat geld kos, Hy het nie ‘n geld tekort nie
  - Ons wou ‘n boot gehad het
- As jy iets wil hê wat onmoontlik lyk, Hy het nie ‘n tekort aan idees van hoe om dit te maak nie
  - Ons het Johannesburg toe getrek en kon nie ‘n huis koop nie. Toe verander die Here die land se wette
- Ons wil ons besigheid laat groei
  - Die Here het nie ‘n tekort aan idees nie.

Wonders en Tekens

- Mar 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,
- Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Doen wat Ek gesê het

- Jesus het dit reeds gesê, ons hoef nie te wag vir Sy instruksies nie:
  - Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag (autoriteit) in die hemel en op aarde
  - Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het
- Watter opdragte was aan die dissipels gegee om te onderhou?
  - Mat 10:1 En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag (autoriteit) gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees
  - Mat 28:19 Om dissipels te maak, hulle te doop en te leer
  - Gen 1:28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Pasop wat julle hoor

- Mar 4:24 En Hy het vir hulle gesê: Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor
- Mar 4:25 Want wie het, vir hom sal gegee word; en wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

Wat beteken dit?

Ons besluite veroorsaak terugvoer
Positief – Bou op die geloof wat ons het
Negatief – Breek die geloof af wat ons gehad het

Eers neem ons waar
- Hoor
- Sien
- Voel
- Smaak
- Ruik

Dan begin ons dink
Gebaseer op ons liaseer sisteem:
- Ondervinding
- Wat ons glo
- Geloof
- Wat ons nie glo nie
- Kennis
- Eie vernuf

Dan maak ons 'n besluit
- Kwaad
- Paniekerig

OF
- Gebruik Jesus se Naam
  - •Vertroue
  - •Geduld

Dan

Dan

My Besluit om te Onthou

- 1Sa 17:34 Daarop sê Dawid aan Saul: U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra,
- 1Sa 17:35 dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit; en as hy my aanval, gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood
- **1Sa 17:36** U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het
- 1Sa 17:37 Verder sê Dawid: Die HERE wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn.

Huiswerk

- Wie het alles geskape?
- Waarom was die aarde woes en leeg nadat die Here dit geskape het?
- Wie is die vrou in Openbaring 12?
- Hoeveel engele is saam met Satan uit die hemel geskop?
- Wat stel die 7 koppe van Openbaring 12 voor?
- Wat stel die 10,horings voor?
- Hoe weet ons die Engel van die Here in die ou testament was soms Jesus?
- Waarom het Hy aarde toe gekom?
- Waarom was Jesus gedoop?
- Op watter dag van die week was Jesus begrawe?
- Watter gawes het Jesus vir die mens gegee en waarom?